basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2019

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAP: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE WAAGMANSKAP GEBRUIK OM DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS OP TE LOS?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Volgens die bron, watter lid van ExComm was deel van:

(a) Die konserwatiewe groep (1 x 1) (1)

(b) Die liberale groep (1 x 1) (1)

1.1.2 Lewer kommentaar op die verskillende beskouings wat lede van ExComm ten opsigte van die ontplooiing van missiele na Kuba gehad het. (2 x 2) (4)

1.1.3 Haal TWEE redes uit die bron aan wat aandui dat Robert Kennedy teen 'n lugaanval op Kuba was. (2 x 1) (2)

1.1.4 Verduidelik waarom jy dink dat sommige lede van ExComm nie die blokkade van Sowjetskepe, wat onderweg na Kuba was, ondersteun het nie. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Lewer kommentaar op die boodskap wat die volgende koeranthoofopskrifte ten opsigte van die Kubaanse Missielkrisis oorgedra het:

(a) 'Ons Blokkeer Kubaanse Wapens' (1 x 2) (2)

(b) 'Rooi Skepe Staan Voor Ondersoek of Sink' (1 x 2) (2)

1.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink die *Daily News* besluit het om hierdie artikel op die voorblad te druk. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Definieer die konsep *kwarantyn* in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (1 x 2) (2)

1.3.2 Waarom, volgens Khrushchev, is die optrede van die Verenigde State van Amerika teen die Sowjetunie as 'n daad van aggressie beskou? (1 x 2) (2)

1.3.3 Noem TWEE instruksies, uit die bron, wat aan Sowjetmatrose gegee is ten opsigte van die navigasie van skepe in internasionale water. (2 x 1) (2)

1.3.4 Lewer kommentaar op waarom 'n historikus die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer hy die Amerikaanse vlootblokkade van Sowjetskepe wat na Kuba op pad was, bestudeer. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter stappe, volgens die bron, het Khrushchev gedreig om teen die Verenigde State van Amerika te doen indien 'n kwarantyn op Sowjetskepe gelê word? (2 x 1) (2)

1.4.2 Identifiseer TWEE maniere in die bron waarop dit vir die VSA moontlik was om vas te stel of skepe missiele vervoer het. (2 x 1) (2)

1.4.3 Waarom, dink jy, het sommige Sowjetskepe van koers verander soos wat hulle die 'kwarantyngebied' genader het? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1C verskil van die inligting in Bron 1D ten opsigte van Khrushchev se reaksie op die kwarantyn van Sowjetskepe in die Atlantiese Oseaan. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie waagmanskap gebruik het om die Kubaanse Missielkrisis op te los. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE VERSKILLENDE MENINGS TEN OPSIGTE VAN DIE UITKOMS VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Identifiseer die TWEE leiers in die bron wat mekaar voor die Slag van Cuito Cuanavale in Havana ontmoet het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verduidelik wat jy dink Konstantin met die stelling, 'dat dit nodig was om hulle in belang van die saak te dwing om meer aktief te wees', geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

2.1.3 Lewer kommentaar op waarom Castro teen Kuba se deelname aan die Angolese burgeroorlog gekant was. (2 x 2) (4)

2.1.4 Haal die tweeledige strategie aan wat Castro gedurende die Slag van Cuito Cuanavale aanvaar het. (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die bron, het beweer dat Suid-Afrika Cuito Cuanavale in 1988 aangeval het? Gee DRIE antwoorde. (3 x 1) (3)

2.2.2 Verduidelik die konsep *propaganda* in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.2.3 Identifiseer die TWEE lande in die bron wat gedurende die Slag van Cuito Cuanavale verslaan is. (2 x 1) (2)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom SAMVOUSA die bewering verwerp het dat die Suid-Afrikaanse Weermag die Slag van Cuito Cuanavale verloor het. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die boodskappe ten opsigte van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale wat in die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)

2.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar daarop of 'n historikus wat die Slag van Cuito Cuanavale bestudeer hierdie bron bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Watter gebeurtenis, volgens die bron, het die ANC op 23 Maart 2018 herdenk? (1 x 1) (1)

2.4.2 Verduidelik wat jy dink met die stelling dat 'oorwinning van die Slag van Cuito Cuanavale … gedenk 'n keerpunt in die vryheidstryd' geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

2.4.3 Haal TWEE maniere uit die bron aan oor hoe Nelson Mandela die Slag by Cuito Cuanavale onthou het. (2 x 1) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C en 2D mekaar ondersteun ten opsigte van die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die verskillende menings ten opsigte van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE SUKSESVOL WAS DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's MET DIE MOBILISERING VAN SWART AMERIKANERS?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Watter optrede, volgens die bron, het 'spontane opstande' in 1966 veroorsaak? (1 x 1) (1)

3.1.2 Verduidelik die konsep *Swart Mag* in die konteks van swart Amerikaners wat gedurende die 1960's in die Verenigde State van Amerika gewoon het. (1 x 2) (2)

3.1.3 Noem TWEE swart Amerikaanse aktiviste in die bron wat Huey Newton en Bobby Searle bestudeer het. (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op waarom jy dink Bobby Searle na die Oakland stadsraad as 'net 'n rassistiese struktuur' verwys het. (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was die Black Panther-party se doel ten opsigte van onderwys? (1 x 2) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom jy dink die Black Panther-party 'n onmiddellike beëindiging van polisiewreedheid wou hê. (2 x 2) (4)

3.2.3 Noem enige VIER eise in Klousule 10 van die Black Panther-party se Tienpunt-plan. (4 x 1) (4)

3.2.4 Verduidelik waarom jy dink die Black Panther-party 'n Tienpunt-plan opgestel het. (1 x 2) (2)

3.3 Vergelyk Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die bewyse in hierdie bronne mekaar ten opsigte van die Black Panther-party ondersteun. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto geneem is. (2 x 2) (4)

3.4.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie foto vir 'n historikus wat die aktiwiteite van die Black Panther-party navors. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Waarom, volgens die bron, het die Black Panther-party 'onder die spervuur van die Amerikaanse staat' gekom? Gee DRIE redes. (3 x 1) (3)

3.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die invloed wat die FBI op die Black Panther-party gehad het. (1 x 2) (2)

3.5.3 Lewer kommentaar op of jy saamstem met Newton se bewering dat die taktiek wat deur die Black Panther-party teen die staatsowerhede gebruik is, 'ekstreem' was. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe suksesvol die Black Panther-party in die 1960's met die mobilisering van swart Amerikaners was. (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe het daartoe gelei dat Mao Zedong die Kulturele Revolusie ingestel het om landbou- en industriële verandering in die Volksrepubliek van China te versnel.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Verduidelik tot watter mate dit vir Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere moontlik was om na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's die politieke en ekonomiese uitdagings te hanteer waarmee hulle onderskeidelike lande gekonfronteer is.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Die Selma-Montgomery-optogte van 1965 is beskou as die belangrikste vorm van protes wat tot die beëindiging van segregasie en diskriminasie in die Verenigde State van Amerika bygedra het.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V1**

**2019**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE WAAGMANSKAP GEBRUIK OM DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS OP TE LOS?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder beskryf in hooftrekke die besprekings wat lede van die Executive Committee (ExComm) van die Verenigde State van Amerika gehou het ten opsigte van die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba.

Die soort mense wat by die ExComm-vergaderings betrokke was, was uiteenlopend (verskillend) en hulle menings was selfs teenstrydig. Vanaf die mees konserwatiewe, waarskynlik Generaal Taylor as voorsitter van die Joint Chiefs, of Dean Acheson, tot by die mees liberale, Adlai Stevenson, het hulle 'n wye spektrum (verskeidenheid) politieke menings ingesluit.

Die konserwatiewe radikales, verteenwoordig deur Acheson en Taylor, was ten gunste van 'n deur en deur militêre konfrontasie. Acheson self het die hele saak as 'n toets van wilskrag beskou en het geglo dat die enigste respektabele weg vir Amerika 'n beslissende lugaanval was. Generaal Taylor, saam met die ander Joint Chiefs, het Acheson se posisie ondersteun. Aan die ander kant van die valk-duif-kontinuum (grens) was Stevenson. Hy het voorgestel dat Amerikaanse missiele uit Turkye en Italië onttrek word in ruil daarvoor dat die Sowjetunie dieselfde in Kuba doen. Die reaksie van die ander ExComm-lede hierop was 'n vinnige en oorweldigende weiering/nee.

Die redes wat Robert Kennedy die duidelikste teen die aanval uiteengesit is, was dat dit die dood van duisende onskuldige Kubaanse burgers en duisende Amerikaanse militêre personeel sou veroorsaak het. Die risiko is ook geloop dat sulke aanvalle tot die lanseer van kernwapens kon lei. Kennedy self het geskryf dat 'n 'verrassingsaanval die morele posisie van die VSA regdeur die wêreld sou aftakel, miskien selfs vernietig' … Sommige was ten gunste van die blokkade omdat dit meer buigsaamheid en minder aanspreeklikheid as 'n militêre aanval gebied het. Die aanval sou 'n alles-of-niks-situasie vir beide die VSA en die Sowjetunie skep. Dit het die Sowjetunie nie tyd gegee om hul posisie vrylik te oorweeg en om aan Amerikaanse wense te voldoen nie. Dit het voorsiening gemaak vir geen diplomatieke maneuvrering (strategie) waardeur 'n vreedsame oplossing bereik kon word nie.

[Uit http://people.loyno.edu/-history/journal/1983-4/pavy.htm.
Toegang op 14 April 2018 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n hoofopskrif uit 'n Amerikaanse koerant, die *Daily News*. Dit is op 23 Oktober 1962 gepubliseer.



FINAL

DAILY NEWS

NEW YORK'S PICTURE NEWSPAPER

5¢

WE BLOCKADE CUBA ARMS

*Red Ships Face Search or Sinking*

[Uit http://www.gettyimages.com/photos/cuban-missile-crisis.
Toegang op 14 April 2018 verkry.]

**AFRIKAANSE VERTALING:**

# ONS BLOKKEER KUBAANSE WAPENS

**ROOI SKEPE STAAN VOOR DEURSOEK OF SINK**

**BRON 1C**

Die brief hieronder is op 24 Oktober 1962 deur President Khrushchev (Sowjetunie) aan President Kennedy (Verenigde State van Amerika) geskryf. Dit skets Khrushchev se reaksie op die Amerikaanse blokkade van Sowjetskepe wat bestem was om na Kuba te vaar.

U, meneer die President, kondig nie kwarantyn af nie, u stel eerder 'n ultimatum en dreig dat as ons nie aan u eise voldoen nie, u mag sal gebruik. En u wil my oorreed om hiertoe in te stem! Wat sal dit beteken om hiertoe in te stem? Dit sou beteken om jouself in jou verhouding met ander lande te laat lei, nie deur redelikheid nie, maar deur wispelturigheid (sonder logika). U doen nie meer 'n beroep op redelikheid nie, maar wil ons intimideer (afskrik).

Nee, meneer die President, ek kan nie hiertoe instem nie, en ek dink dat u in u eie hart erken dat ek reg is. Ek is daarvan oortuig dat u dieselfde sou opgetree het indien u in my posisie was.

Die Sowjetregering beskou die skending van die vryheid van navigasie in internasionale waters en die internasionale lugruim as 'n daad van aggressie wat die mensdom in die afgrond van 'n wêreldkernwapenoorlog afstoot. Daarom kan die Sowjetregering nie die kapteins van Sowjet-skepe wat na Kuba onderweg is, opdrag gee om bevele van Amerikaanse vlootmagte, wat hierdie eiland blokkeer, na te kom nie.

Ons bevele aan Sowjetmatrose is om die algemeen aanvaarde standaarde van navigasie in internasionale waters na te kom nie een stap daarvan af te wyk nie. En, indien die Amerikaanse kant hierdie regte skend, moet hulle bewus wees van die verantwoordelikheid wat hulle daarvoor sal moet dra. Wees verseker dat ons nie bloot waarnemers van die ongeoorloofde dade deur Amerikaanse skepe op die oop see sal wees nie. Ons sal dan van ons kant gedwing word om daardie maatreëls wat ons nodig en voldoende ag, te tref om ons regte te verdedig. Ons het alles wat nodig is vir hierdie doel.

Die uwe

N Khrushchev

Moskou

24 Oktober 1962

[Uit https://history.state.gov/historicaldocuments/frus1961-63v06/d63.
Toegang op 28 April 2018 verkry.]

**BRON 1D**

Die bron hieronder fokus op hoe die Sowjetunie gereageer het op die vlootblokkade wat die Verenigde State van Amerika in die Atlantiese Oseaan ingestel het.

Niemand was seker wat sou gebeur onderwyl skepe op pad na Kuba die kwarantyngebied genader het nie. Khrushchev het gewaarsku dat sy Sowjetskepe nie sou omdraai nie en dat sy duikbote Amerikaanse skepe sou sink as hulle sou inmeng met Sowjetvaartuie wat na Kuba onderweg was.

Die Amerikaners het met behulp van radar en waarnemingsvliegtuie geweet waar die naderende skepe in die Atlantiese Oseaan was en hulle het die roetes van die skepe wat vermoedelik kernmissiele en ander wapens vervoer het, uitgewerk.

Die President en regeringsamptenare by die Withuis het direkte kommunikasie met vlootkommandeurs gehad soos wat Amerikaanse skepe laat Woensdagoggend begin het om met die buitelandse vaartuie kontak te maak. President Kennedy en ander Amerikaanse regeringsamptenare het gevrees dat 'n Sowjetduikboot dalk sou probeer om die inkomende skepe te verdedig deur teen Amerikaanse oorlogskepe op te tree en dat dit tot 'n groter konfrontasie sou lei.

Die spanning is egter verlig soos wat verslae ingekom het dat sommige Sowjetskepe van koers verander het om die kwarantyngebied te vermy. Meer as die helfte van die skepe wat gemonitor is, het omgedraai waaronder dié wat daarvan verdink is dat hulle missiele en ander wapens aan boord het.

Khrushchev moes op die nippertjie hierdie skepe beveel het om van koers te verander. Ander skepe het egter na Kuba voortgestoom. Dit was burgerlike, nie militêre skepe nie, maar daar is steeds van hulle verwag om te stop as Amerikaanse oorlogskepe hulle voorgekeer het.

[Uit *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* deur PJ Byrne]

## VRAAG 2: WAT WAS DIE VERSKILLENDE MENINGS TEN OPSIGTE VAN DIE UITKOMS VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE?

### BRON 2A

Hierdie bron skets hoe Kuba vanaf 1987 by die Slag van Cuito Cuanavale betrokke geraak het.

Die Sowjet Generaal Konstantin en Fidel Castro het voor die Slag van Cuito Cuanavale in Havana ontmoet. In een weergawe van die ontmoeting het Konstantin geglo dat die Kubane nie gretig (gewillig) was om te veg nie en dat dit nodig was om hulle in belang van die saak te dwing om meer aktief te wees. Dit was blykbaar nie dat die Kubane onwillig was om te veg nie, maar dat hulle nie met die Sowjet-slagveldstrategie saamgestem het nie, soos wat dit tereg later by Cuito Cuanavale uitgekom het.

Opperbevelhebber Castro het die rede vir so 'n houding aan die Sowjet-generaal verduidelik: 'In jou land is die verliese dalk onmerkbaar, maar in ons klein landjie raak die menseverlies bekend en dit het 'n groot uitwerking, daarom probeer ons regtig om verliese in Angola te voorkom.'

Vir Cuito Cuanavale het die veranderlike (onvoorspelbare) skermutselings (gevegte) in daardie tydperk tot 'n radikale verandering van Kubaanse militêre frontlinieleierskap vir die verdediging van die dorp gelei. Die bevel en strategiese beheer van die verdediging was die hele tyd in Havana en die eindelike uitkoms het bewys dat die Kubaanse opperbevelhebber, Fidel Castro, selfs op 'n afstand, 'n bekwame militêre leier was. Castro het die Angolese leier, Dos Santos, aangeraai om 'n tweeledige strategie te aanvaar: die versterking van Cuito en die uitoefen van druk op die Suid-Afrikaanse basisse naby Namibië, met gesamentlike Kubaanse en FAPLA-patrollies.

[Uit *South Africa vs Cuba in the Angolan Civil War – The Last Hot Battle of the Cold War* deur P Pollack]

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder skets hoe lede van die Suid-Afrikaanse Militêre Veterane-organisasie van die Verenigde State van Amerika (SAMVOUSA) die slag van Cuito Cuanavale beskou het.

Die Angolese Minister van Verdediging en ander amptelike Angolese en Kubaanse bronne het in 1988 beweer dat 'n Suid-Afrikaanse offensief, wat uit 9 000 troepe met 500 tenks, 600 artillerieveldgewere en baie vliegtuie bestaan het, die dorp Cuito Cuanavale in Angola aangeval het. Volgens hulle weergawe het die aanval misluk te danke aan die dapper verdediging deur Kubaanse en Angolese troepe.

Die Kubaanse propagandaweergawe van hierdie 'heldhaftige geveg' is wyd in die Weste aanvaar, en dit was eers na die beëindiging van die oorlog dat die feite uitgekom het. Toe die Kubane en Angolese teen die einde van 1987 veronderstel was om hulle groot oorwinning te behaal het, was hulle alreeds besig om vir vrede in Angola te vra, met hulle Sowjetondersteuners wat openlik gesê het dat die oorlog daar nie gewen kon word nie. In die daaropvolgende onderhandelings was een van die Kubaanse voorwaardes dat hulle toegelaat sou word om eervol uit die oorlog te onttrek wat 'n ongewone versoek deur 'n seëvierende weermag was, om die minste te sê. Die feit is die Kubane het geweet dat hulle besig was om te verloor, maar hulle wou nie in skande uit Angola onttrek nie. Die Suid-Afrikaners, wat die ware oorwinnaars van die Cuito-veldtog was, het besef dat indien hulle op daardie delikate stadium in die vredesonderhandelings al die feite aan die lig sou bring, die Kubane en hulle Sowjet-ondersteuners verneder sou voel en dat dit hulle dalk sou aanspoor om nog meer troepe na Angola te stuur in 'n poging om hulle reputasie te red. Om die Kubane belaglik te laat lyk, sou geen bruikbare doel dien nie.

Toe die Kubaanse en Sowjet-betrokkenheid by die oorlog egter geëindig het en die Suid-Afrikaners hulle troepe onttrek het, het dit nie lank geneem vir die ware storie oor die slag om uit te kom nie.

[Uit http://samvousa.org/battle-cuito-cuanavale/.
Toegang op 14 April 2018 verkry.]

**BRON 2C**

Die volgende foto toon MPLA soldate wat in Augustus 1988 op 'n verowerde Suid-Afrikaanse militêre tenk in Cuito Cuanavale staan.



[Uit https://www.lrb.co.uk/v38/n06/Jeremy-harding/apartheids-last-stand. Toegang op 6 April 2018 verkry.]

**BRON 2D**

Die bron hieronder is 'n verklaring wat op 23 Maart 2018 deur die African National Congress (ANC) ten opsigte van die Slag van Cuito Cuanavale uitgereik is.

Vandag vier ons die 30ste herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale. Die African National Congress sluit by die internasionale gemeenskap aan om hierdie historiese skermutseling sedert die Slag van Cuito Cuanavale in 1988 te herdenk.

Hierdie belangrike (historiese) oorwinning van die Slag van Cuito Cuanavale teen die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag gedenk 'n keerpunt in die vryheidstryd en dit het die apartheidsregime in 1988 gedwing om vredesooreenkomste in Angola, Kuba en die Verenigde State te teken.

Kameraad Nelson Rolihlahla Mandela het soos volg onthou terwyl hy nog in die gevangenis op Robbeneiland was: 'Cuito Cuanavale is die kenmerk van die ommekeer in die stryd om die kontinent en ons land van apartheid te bevry; die nederlaag van die rassistiese weermag in Cuito Cuanavale het die mense van Namibië in staat gestel om uiteindelik bevry te word; die nederlaag van apartheid het as 'n inspirasie vir die strydende mense van Suid-Afrika gedien.' Die oorwinning van Angolese en Kubaanse troepe in daardie oorlog het inderdaad 'n keerpunt in die oorlog teen die Angolese mense gekenmerk, en dit was die fondament vir die onafhanklikheid van Namibië en het tot die uiteindelike aanvang van onderhandelings in Suid-Afrika bygedra.

Die ANC wil graag op die geleentheid van die 30ste herdenking hulle beste wense aan die mense van Angola, Kuba, Namibië en Suid-Afrika bied. Die ANC salueer MK-kaders wat vir die onafhanklikheid van die Namibiërs opofferings gemaak het.

[Uit http://www.anc.org/content/30 years-anc-member-battle-cuito-cuanavale.
Toegang op 24 April 2018 verkry.]

**VRAAG 3: HOE SUKSESVOL WAS DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's MET DIE MOBILISERING VAN SWART AMERIKANERS?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder skets in hooftrekke die redes vir die stigting van die Black Panther-party. Dit is in 1966 deur Bobby Searle geskryf.

Baie gevalle van polisiewreedheid het in 1966 plaasgevind wat tot talle spontane (onbeplande) opstande aanleiding gegee het, iets waarteen ek en Huey gekant was, hierdie spontane opstande. Ek en Huey het begin om te probeer uitwerk hoe ons jong swart mense in 'n soort politieke kiesersmagsbeweging kon organiseer. Stokely Carmichael was met Swart Mag op die toneel.

Ek en Huey was al vir 'n ruk lank, aan en af, betrokke en het swart geskiedenis bestudeer, oor wat Malcolm X gedoen het, waarvandaan Martin Luther King Jr gekom het … Die Black Panther-party het grootliks as gevolg van baie leeswerk ontstaan …

Ek en Huey het op daardie tydstip saam op die adviesraad van die Noord-Oakland ('n gebied in Kalifornië, VSA) Woonbuurt-teen-armoedesentrum gewerk. Ons het vir hulle vyfduisend handtekeninge gekry om stadsraad toe te gaan om die stadsraad sover te kry om 'n polisie-ondersoekraad saam te stel om klagtes oor polisiewreedheid te hanteer. Wel, die stadsraad het ons geïgnoreer… [dit] was net 'n rassistiese struktuur wat nie omgegee het oor die veertig persent swart en Chicano*-mense wat in die stad Oakland gewoon het nie. So daar is ons en probeer uitwerk wat om te doen. Ons het in daardie maande finaal tot die slotsom gekom dat ons 'n nuwe organisasie moes begin … Ons het gaan sit en begin om hierdie 10-puntplanprogram te skryf.

[Uit *Voices of Freedom: An Oral History of the Civil Rights Movement from the 1950s through the 1980s* deur H Hampton en S Fayer]

*****Chicano is 'n naam wat aan mense van Sentraal- en Suid-Amerikaanse afkoms gegee is

**BRON 3B**

Die bron hieronder skets die Tienpunt-plan of Manifes van die Black Panther-party. Dit is op 15 Oktober 1966 gepubliseer.

1. Ons wil vryheid hê. Ons wil die mag hê om ons swart en onderdrukte gemeenskappe te beheer.

2. Ons wil volle indiensneming vir ons mense hê.

3. Ons wil hê dat die kapitalistiese uitbuiting van ons swart en onderdrukte gemeenskappe moet einde kry.

4. Ons wil behoorlike behuising hê wat vir mense geskik is.

5. Ons wil behoorlike onderwys vir ons mense hê wat vir ons ons ware geskiedenis en ons rol in die hedendaagse samelewing leer.

6. Ons wil heeltemal gratis gesondheidsorg vir alle swart en onderdrukte mense hê.

7. Ons wil die onmiddellike beëindiging van polisiewreedheid en moord op swart mense, ander mense van kleur en alle onderdrukte mense in Amerika hê.

8. Ons wil hê dat alle oorloë van aggressie onmiddellike beëindig moet word.

9. Ons wil vryheid vir alle swart en onderdrukte mense hê wat tans in die Amerikaanse federale-, staats-, distrik-, stedelike- en militêre gevangenisse en tronke is. Ons wil verhore hê wat deur 'n jurie van gelykes gehou word vir alle persone wat vir sogenaamde misdade volgens die wette van hierdie land aangekla is.

10. Ons wil grond, brood, behuising, onderwys, klere, geregtigheid, vrede en mense se gemeenskapsbeheer oor moderne tegnologie hê.

[Uit https://www.marxists.org/history/usa/workers/black-panthers/1966/10/15.htm. Toegang op 17 April 2018 verkry.]

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon gewapende lede van die Black Panther-party wat in Mei 1967 in die Kaliforniese wetgewende liggaam ingemarsjeer het.



[Uit http://blackhistorymonth2014.com/192/black-panther-party/. Toegang op 17 April 2018 verkry.]

**BRON 3D**

Die volgende uittreksel fokus op die redes vir die ineenstorting van die Black Panther-party in die laat 1960's.

Die sukses van die Panther se politieke aktiwiteite en gemeenskapsprogramme en hulle reusegroei, invloed en lidmaatskap het hulle gou onder die spervuur van die Amerikaanse staat gebring. Die FBI het die COINTELPRO (Teenintelligensieprogram) ('Counterintelligence Programme') teen hulle verskerp. Daar is op 'n stadium in omtrent elke kantoor in die land 'n klopjag uitgevoer. Alle voedselvoorraad vir die ontbytprogram in Chicago is uitgebrand. Gedurende een van hierdie klopjagte in die lente van 1968 het Bobby Hutton, die party se eerste lid, met sy hande in die lug uitgekom. Die polisie het hom in die kop geskiet en hy het gesterf … Net in 1969 is 25 Panther-lede doodgemaak. Maar die FBI se bedrywighede het verder gegaan. Benewens die voortdurende inhegtenisnemings van Panther-lede wat die werk van die organisasie ontwrig het en hulle finansieel gedreineer het, het die FBI die party geïnfiltreer (ingesypel) en wedywering en geskille tussen verskillende lede versin.

Sommige mense sal vandag die beëindiging van die Panthers aan die suksesvolle bedrywighede van die FBI toeskryf. Dit het sonder twyfel enorme druk op die organisasie geplaas, maar daar is 'n aantal ander faktore wat daartoe bygedra het …

Huey Newton sê in sy boek, *Revolutionary Suicide*, 'ons het gou uitgevind dat wapens en uniforms ons van die gemeenskap afgesonder het. Ons is as 'n ad hoc (informele) militêre groep beskou, wat buite die gemeenskapstruktuur opgetree het en te radikaal was om deel van te wees. Party van ons taktieke op daardie tydstip was miskien radikaal (bedreigend), miskien het ons te veel klem op militêre aksies geplaas.'

[Uit http//www.socialistalternative.org/panther-black-rebellion/the-black-panther-party-for-self-defense. Toegang op 18 April 2018 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Byrne, PJ. 2006. *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* (Compass Point Books, Minneapolis)

Hampton, H and Fayer, S (red.) 1990. *Voices of Freedom: An Oral History of the Civil Rights Movement from the 1950s through the 1980s* (Vintage, Londen)

http://blackhistorymonth2014.com/192/black-panther-party/

http://people.loyno.edu/-history/journal/1983-4/pavy.htm

http://samvousa.org/battle-cuito-cuanavale/

http://www.anc.org/content/30 years-anc-member-battle-cuito-cuanavale

http://www.gettyimages.com/photos/cuban-missile-crisis

http://www.socialistalternative.org/panther-black-rebellion/the-black-panther-party-for-self-defense

https://history.state.gov/historicaldocuments/frus1961-63v06/d63

https://www.lrb.co.uk/v38/n06/Jeremy-harding/apartheids-last-stand

https://www.marxists.org/history/usa/workers/black-panthers/1966/10/15.htm

Pollack, P. 2013. *South Africa vs Cuba in the Angolan Civil War – The Last Hot Battle of the Cold War* (Casemate Publishers, Oxford)

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS V1**

**2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 24 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou 

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ •________________________ •________________________
________________ • __________________________ • ________________

√√√√ Vlak 2

**KOMMENTAAR**
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv.. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling | | |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br><br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE WAAGMANSKAP GEBRUIK OM DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS OP TE LOS?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

(a) 'Generaal Taylor' of 'Dean Acheson' (enige 1 x 1) (1)

(b) 'Adlai Stevenson' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Die konserwatiewes/ valke (Taylor en Acheson) het verkies om oorlog toe te gaan om die dispuut op te los ten opsigte van die ontplooiing van missiele na Kuba
- Die liberales/ duiwe (Stevenson) wou die dispuut ten opsigte van die ontplooiing van Sowjetmissiele oplos deur middel van dialoog
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Dat dit die dood van duisende onskuldige Kubaanse burgers en duisende Amerikaanse militêre personeel sou veroorsaak het'
- 'Sulke aanvalle tot die lanseer van kernwapens kon lei'
- 'n Verrassingsaanval die morele posisie van die VSA regdeur die wêreld sou aftakel, miskien selfs vernietig' (2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

Die Valke:

- Het die blokkade as ŉ swakker opsie gesien
- Wou ŉ militêre lugaanval op Kuba gehad het

Die Duiwe

- Hulle wou die soewereiniteit van Kuba respekteer
- Om die beginsels van demokrasie en die vryheid van assosiasie te respekteer
- Om ŉ kernoorlog/ ŉ 'fisiese oorlog' (hot war) te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*

(a)

- Beklemtoon dat Sowjetskepe wat militêre wapens vervoer nie toegelaat sou word om na Kuba te gaan nie/deur ŉ blokkade in te stel
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)

- Die Sowjetskepe wat onderweg was na Kuba sou ondersoek word en as hulle weier sou hulle gesink word deur VS militêre skepe
- Die VSA was vasberade om kommunistiese uitbreiding in Latyns-Amerika te keer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Om die Amerikaanse publiek in te lig oor die optrede wat President Kennedy se regering sou onderneem teen die Sowjetunie
- Om die ondersteuning van die Amerikaanse publiek in sy ideologiese oorlog teen kommunisme te wen
- Om die vreesloosheid van die VS regering teen Sowjet-aggressie te demonstreer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Definisie van 'n historiese begrip in Bron 1C – V1]*
- Die oplegging van 'n blokkade op alle Sowjetskepe wat militêre voorraad vervoer het na Kuba
- Om Sowjetskepe te voorkom/verhoed om na Kuba te vaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Skending van die vryheid van navigasie in internasionale waters en die internasionale lugruim' (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Om die algemeen aanvaarde standaarde van navigasie in internasionale waters na te kom'
- 'Nie een stap daarvan af te wyk nie' (2 x 1) (2)

1.3.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 1C – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want:**
- Dit is 'n brief en bevat eerstehandse inligting oor wat gebeur het
- Die brief is op 24 Oktober 1962 geskryf wat die 9de dag van die 13 dae van die Kubaanse Missielkrisis was
- Dit gee insig/inligting oor President Khrushchev se siening oor die VS blokkade
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4
1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Sowjetskepe nie sou omdraai nie'
- 'Sy duikbote Amerikaanse skepe sou sink' (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'radar'
- ‘lugwaarnemingsvliegtuie' (2 x 1) (2)

1.4.3 *Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
Die Sowjetskepe het van koers verander:
- Om oop en blote konfrontasie met die VSA te vermy
- Om 'n militêre krisis met die VSA af te weer
- Omdat Khrushchev miskien Sowjet-amptenare die opdrag gegee het om nie hulle pad deur die kwarantynlyn te dwing nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1C en Bron 1D – V3]*

- Bron 1C toon Khrushchev se vasberadenheid om nie bevele van die VSA na te kom nie terwyl Bron 1D beklemtoon hoe die Sowjetregering ingegee het op versoeke van die VSA
- In Bron 1C het Khrushchev aangedui dat hy nie die oplegging van die VS kwarantyn van die Sowjetskepe erken nie terwyl Bron 1D staaf dat die Sowjetunie die kwarantynlyn erken/aanvaar deur sy skepe te laat omdraai
- Bron 1C beweer dat die Sowjetregering nie die kapteins van die Sowjetskepe wat op pad was na Kuba die bevel gegee het om na Amerikaanse instruksies te luister nie terwyl Bron 1D verwys na Sowjetskepe wat van rigting verander (omdraai) om die kwarantynlyn te vermy
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
**Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:**

- ExComm het die oplegging van 'n vlootblokkade van Sowjetskepe wat op pad was na Kuba aanbeveel (Bron 1A)
- Die VSA wou die blokkade gebruik as 'n strategie om direkte konfrontasie met die Sowjetunie te vermy (eie kennis)
- Die Amerikaanse media het dreigende taal gebruik om die Sowjetunie af te skrik om na Kuba te vaar (Bron 1B)
- Die oplegging van 'n vlootblokkade en die sterk taal wat deur die VS gebruik is in die media was strategieë van waagmanskap om die Sowjetunie te dreig om te onttrek uit Kuba (Bron 1A en 1B)
- President Kennedy het die media toegespreek oor die VSA se strategieë met betrekking tot die ontplooiing van missiele na Kuba (eie kennis)
- Die Sowjetleier, Nikita Khrushchev, het sterk taal gebruik om die oplegging van 'n VS blokkade op Sowjetskepe te verwerp en uit te daag (Bron 1C)
- Khrushchev beskou die blokkade as 'n daad van aggressie wat tot 'n kernoorlog sou lei (Bron 1C)
- Die Sowjetregering gee instruksies aan die kapteins van Sowjetvaartuie om die algemeen-aanvaarde standaarde van navigasie op internasionale waters te aanvaar (om nie die aftog te blaas nie) (Bron 1C)
- Khrushchev het die VSA gedreig as hulle 'n blokkade/kwarantyn sou instel (Bron 1C)
- Khrushchev het gedreig dat Sowjetduikbote Amerikaanse skepe sou sink as hulle inmeng met Sowjetvaarttuie wat op pad is na Kuba (Bron 1D)
- Khrushchev se instruksie aan Sowjetskepe was om van koers te verander om sodoende spanning te verlig (waagmanskap) (Bron 1D)
- Geheime onderhandelings oor die verwydering van VSA missiele uit Turkye (eie kennis)
- Die opstel van ŉ 'direkte lyn/blitslyn' om verdere konflik tussen die VSA en die USSR te verhoed (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie waagmanskap gebruik het om die Kubaanse Missielkrisis op te los**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om te verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie waagmanskap gebruik het om die Kubaanse Missielkrisis op te los**.<br>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om te verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie waagmanskap gebruik het om die Kubaanse Missielkrisis op te los**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE VERSKILLENDE MENINGS TEN OPSIGTE VAN DIE UITKOMS VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Generaal Konstantin'
- 'Fidel Castro' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Kuba moes oortuig word om aan die Angolese oorlog deel te neem om te verseker dat kommunisme in Suidelike Afrika verskans/versprei word
- Die Sowjetunie het Kuba forseer om Afrika by te staan in die daarstelling van kommunistiese regerings
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Hy was bang vir die finansiële implikasie wat die oorlog op Kuba kon hê
- Kuba sou groot lewensverliese ly wat Castro se status sou affekteer
- Kuba se poging tot internasionalisme was om die lewensstandaard van mense te lig en nie om aan 'n oorlog en konflik deel te neem nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Versterking van Cuito'
- 'Die uitoefen van druk op die Suid-Afrikaanse basisse' (2 x 1) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Angolese Minister van Verdediging'
- 'Ander amptelike Angolese bronne'
- 'Kubaanse bronne' (3 x 1) (3)

2.2.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2B – V1)*
- Die verspreiding van vals/onakkurate inligting of idees om doelbewus mense se opinie te beïnvloed bv. Kuba, Suid-Afrika of Angola het aanspraak daarop gemaak dat hulle die oorwinnaars was na die Slag van Cuito Cuanavale
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Kuba/ Kubane'
- 'Angola/Angolese' (2 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
**SAMVOUSA:**
- Lede het die SAW beskou as onoorwinlik en superieur teenoor Kubaanse en MPLA magte
- Lede wat in die Slag van Cuito Cuanavale geveg het, het nie aanvaar dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) die oorlog verloor het nie
- Het nie van kommunisme gehou nie en was nie bereid om nederlaag te aanvaar nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

- MPLA soldate het hulle oorwinning by die Slag van Cuito Cuanavale gevier
- Gesamentlike magte van MPLA, Kubaanse en Sowjet-soldate het daarin geslaag om 'n Suid-Afrikaanse militêre tenk te verower
- Toon dat die Suid-Afrikaanse Weermag verslaan is by die Slag van Cuito Cuanavale
- Toon dat die Suid-Afrikaanse Weermag hulle militêre tenks in Angola verlaat het omdat hulle verslaan is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2C – V3]*
**Kandidate kan of kies BRUIKBAAR of NIE BRUIKBAAR NIE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**

**Die bron is BRUIKBAAR omdat dit:**

- MPLA soldate toon wat hulle oorwinning by die Slag van Cuito Cuanavale vier
- Fotografiese bewyse gee van 'n militêre tenk wat deur die MPLA verower is
- Wys 'n verowerde Suid-Afrikaanse militêre tenk
- Enige ander relevante antwoord

**Die bron is NIE BRUIKBAAR NIE omdat:**

- Die fotograaf onbekend is
- Die datum waarop die foto geneem is nie aangedui is nie
- Dit vir die doel van propaganda gebruik kon word
- Daar is geen bewyse dat dit 'n Suid-Afrikaanse tenk was nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- '30$^{ste}$ Herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale' (1 x 1) (1)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Die oorwinning van die MPLA/Kubaanse magte het die instelling van 'n vasalstaat/UNITA regering in Angola voorkom
- Die oorwinning van die MPLA/Kubaanse magte het bygedra tot die bevryding van Namibië en Suid-Afrika
- Die oorwinning van die MPLA/Kubaanse magte het die weg gebaan vir onderhandelings in Suid-Afrika
- Die oorwinning van die MPLA/Kubaanse magte het die mite dat die SAW onoorwinlik en onvernietigbaar in Afrika was, vernietig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- 'Cuito Cuanavale is die kenmerk van die ommekeer in die stryd om die kontinent en ons land van apartheid te bevry'
- 'Die nederlaag van die rassistiese weermag in Cuito Cuanavale het die mense van Namibië in staat gestel om uiteindelik bevry te word'
- 'Die nederlaag van apartheid het as 'n inspirasie vir die vegtende mense van Suid- Afrika gedien ' (enige 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.5 *[Vergelyking van bewyse Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C toon bewyse dat die SAW in Cuito Cuanavale verslaan is en in Bron 2D beweer Nelson Mandela dat die apartheidsweermag in Cuito Cuanavale verslaan is.
- Bron 2C toon visuele bewyse van MPLA-soldate wat op 'n verowerde SAW militêre tenk staan en in Bron 2D beweer Nelson Mandela dat die Angolese en Kubaanse troepe by die Slag van Cuito Cuanavale die oorwinning behaal het.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

**Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:**

- SAW, ANC en Kuba het verskillende sienings oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale getoon (eie kennis)
- Die uiteindelike uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale toon dat die Opperbevelhebber van Kubaanse magte, Fidel Castro, 'n bekwame militêre leier was (Bron 2A)
- SAMVOUSA se siening was dat die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het (Bron 2B)
- Volgens SAMVOUSA het die Kubane propaganda gebruik om daarop aanspraak te maak dat die geveg 'n 'heldhaftige geveg' was maar die realiteit van wie die oorlog gewen het, het eindelik aan die lig gekom (Bron 2B)
- Volgens SAMVOUSA het die MPLA en Kubane die oorlog verloor omdat hulle vrede ten alle koste wou hê (Bron 2B)
- SAMVOUSA maak daarop aanspraak dat die Kubane versoek het dat hulle toegelaat word om uit Angola te onttrek om hulle nederlaag te verberg (Bron 2B)
- Die SAW was die ware oorwinnaars volgens SAMVOUSA (Bron 2B)
- MPLA soldate wat gesien word op 'n verowerde Suid-Afrikaanse militêre tenk in die viering van hulle oorwinning by die Slag van Cuito Cuanavale, toon dat die MPLA en Kubane gewen het (Bron 2C)
- Suid-Afrikaners het hulle militêre tenk verlaat en het Angola verlaat omdat hulle verslaan is (eie kennis)
- Die ANC beskou die Slag van Cuito Cuanavale as gewen deur die MPLA en Kubaanse magte (eie kennis)
- Nelson Mandela het Kuba geloof vir hulle bydrae in Angola om die SAW te verslaan (Bron 2D)
- Oorwinning deur die MPLA en Kubaanse troepe het 'n keerpunt in die geskiedenis van Angola gekenmerk (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om die verskillende menings ten opsigte van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale te verduidelik**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om die verskillende menings ten opsigte van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale te verduidelik**.<br>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om die verskillende menings ten opsigte van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale te verduidelik**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE SUKSESVOL WAS DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's MET DIE MOBILISERING VAN SWART AMERIKANERS?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Polisiewreedheid' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 3A – L1]*
'n Filosofie wat:

- Swart trots, selfbeskikking en maatskaplike gelykheid bevorder het deur die daarstelling van politieke en kulturele instellings onder swart Amerikaners
- Kultuur, identiteit en selfstandigheid onder swart Amerikaners bevorder
- Wou hê dat swart Amerikaners moes saamwerk om gemeenskapsgebaseerde programme tot stand te bring om sosio-ekonomiese toestande onder swart Amerikaners te verbeter
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Martin Luther King Jr'
- 'Malcolm X' (2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Dit het nie aandag gegee nie aan die klagtes wat swart Amerikaners voorgelê het met betrekking tot die brutaliteit wat hulle ondervind het deur die toedoen van wit polisiemanne
- Dit het nie omgegee vir die welsyn van swart Amerikaners nie
- Die Stadsraad was meer bekommerd oor die behoeftes van wit Amerikaners eerder as swart Amerikaners
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- 'Behoorlike onderwys vir ons mense hê wat vir ons ons ware geskiedenis en ons rol in die hedendaagse samelewing leer' (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Baie lede van die Black Panther-party/swart Amerikaners het hul lewe verloor/vermoor
- Die dade van die polisie het die konstitusionele regte van swart Amerikaners geskend
- Die dade van wit Amerikaanse polisie het teen swart Amerikaners gediskrimineer
- Polisie het slegs swart Amerikaners geteister deur die gebruik van uitermatige geweld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
**Ons soek:**

- 'Land'
- 'Brood'
- 'Behuising'
- 'Onderwys'
- 'Klere'
- 'Geregtigheid'
- 'Vrede en gemeenskapsbeheer oor moderne tegnologie' (enige 4 x 1) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Dit het 'n beleid nodig gehad om hulle te lei/ rigting te gee
- Die Tienpunt-plan het gedien as 'n aksieplan vir die Black Panther-party (BPP)
- Sy lede kon daarna strewe om te verseker dat die plan effektief geïmplementeer word
- Om die versoeke/griewe van die BPP toe te lig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Bron 3A vermeld dat swart Amerikaanse jeug hulself moes organiseer in 'n politieke- en kiesersbeweging en Bron 3B vermeld dat swart Amerikaners mag wou hê om hul eie gemeenskappe te lei
- Bron 3A meld dat Huey en Searle swart geskiedenis bestudeer het en Bron 3B meld dat swart Amerikaners hulle geskiedenis en erfenis geleer moet word verwys na polisie brutaliteit
- Bron 3A en 3B verwys na 'n sentrum wat armoede teenwerk
- Beide Bron 3A en 3B verwys na die Black Panther-party se Tienpunt-plan
- Beide Bron 3A en 3B
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Om te toon dat lede van die Black Panther-party staatsowerhede uitgedaag het (Kaliforniese wetgewing)
- Om te beklemtoon dat die Black Panther-party vasberade (nie bang nie) was om vir hulle konstitusionele regte te veg en dat hulle toegelaat moes word om gewere te dra
- Om te toon dat die Black Panther-party die beginsels geïmplementeer het soos uiteengesit is in die Tienpunt-plan
- Om te beklemtoon dat lede van die Black Panther-party openlik gewere gedra het vir selfverdediging
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3C – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit 'n foto is en eerstehandse bewyse bevat
- Dit geneem is in Mei 1967 toe die Black Panther-party gewild was
- Dit lede van die Black Panther-party aandui wat protesteer teen die Wapenbeheer-wet
- Dit toon lede van die Black Panther-party wat veg vir hulle regte soos in die grondwet vasgelê is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5
3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Die sukses van die Panther se politieke aktiwiteite'
- 'Die sukses van gemeenskapsprogramme'
- 'Hulle reusegroei, invloed en lidmaatskap' (3 x 1) (3)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
**Die FBI:**
- Het voorrade wat gebruik moes word in die Ontbytprogramme vernietig
- Het lede van die Black Panther-party gearresteer, geteister, gemartel en doodgemaak
- Het die Black Panther-party infiltreer en wou hulle in 'n slegte lig stel
- Het interne verdeeldheid veroorsaak en het onenigheid veroorsaak onder lede van die Black Panther-party
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
**Kandidate kan noem of hulle SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**
**STEM SAAM**
Lede van die Black Panther-party:
- Het owerhede wat hulle as te radikaal beskou het, uitgedaag
- Het gewere gedra wat gewone Amerikaners kon afskrik
- Hulle aanslag om die polisie te monitor kon hulle van ander swart Amerikaners vervreem het
- Gebruik weermag uniforms wat geïmpliseer het dat hulle gemilitariseer was
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM NIE**
Lede van die Black Panther-party:
- Het sterk gereageer op polisiebrutaliteit
- Het swart Amerikaanse gemeenskappe verdedig teen polisie teistering
- Het besef dat die aanslag wat die Burgerregtebeweging gebruik het, oneffektief was
- Het owerhede gedwing om die konstitusionele regte van swart Amerikaners te respekteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
**Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:**

- Die Black Panther-party (BPP) was baie suksesvol in die mobilisering van die swart Amerikaanse jeug want dit het hulle behoeftes aangespreek (Bron 3A)
- Die Tienpunt-plan was ontwerp om meer Amerikaners te betrek deur hulle behoeftes aan te spreek (Bron 3B)
- Die Black Panther-manifes was gegrond op sosialistiese ideale en was daarom aantreklik vir baie onderdrukte swart Amerikaners (eie kennis)
- Die Black Panther het vryheid, gelykheid en maatskaplike geregtigheid geeis wat dien om swart Amerikaanse jongmense nader te trek (Bron 3B)
- Wetgewende liggame regdeur die VSA is uitgedaag deur die BPP (Bron 3C)
- Om die polisie te monitor het die Black Panther gewild gemaak onder die swart Amerikaanse jeug (eie kennis)
- Verskeie takke van die Black Panther-party is regdeur Amerika gevestig om swart Amerikaners bewus te maak van hulle regte (eie kennis)
- Die BPP was so suksesvol in die mobilisering van swart Amerikaners en daarom het die FBI 'n verskeidenheid metodes gebruik om die Black Panther-party te diskrediteer en te vernietig as ŉ organisasie (Bron 3D)
- Die BPP het gemeenskaps-beheerde programme gebruik om swart Amerikaners bewus te maak om selfonderhoudend te wees (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe suksesvol die Black Panther-party was in die mobilisering van swart Amerikaners in die 1960's**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip om te verduidelik hoe suksesvol die Black Panther-party was in die mobilisering van swart Amerikaners in die 1960's**.<br>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip om te verduidelik hoe suksesvol die Black Panther-party was in die mobilisering van swart Amerikaners in die 1960's**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe gelei het daartoe dat Mao Zedong die Kulturele Revolusie ingestel het om landbou- en industriële verandering in die Volksrepubliek van China te versnel.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n argument volg en aandui hoe die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe daartoe gelei het tot die instelling van die Kulturele Revolusie om verandering te bring in die landbou- en industriële vervaardiging in die Volksrepubliek van China.

UITBREIDING
**Kandidate kan die volgende punte in hulle antwoord insluit in die kritiese bespreking van die stelling:**

- Mao Zedong se implementering van die Eerste Vyfjaarplan/Honderd Blomme-veldtog (Agtergrond slegs kortliks)

**Die Groot Sprong Vorentoe:**

- Mao Zedong se Tweede Vyfjaarplan (Groot Sprong Vorentoe) wat in 1958 begin het
- Die doel was om landbou- en industriële vervaardiging in China te verhoog
- Om alle vorme van private onderneming te beëindig
- Bevorder die kollektivisering van koöperatiewe (plase) in kommunes
- Tree op teen teenkanting van kollektivisering amalgamasie (vereniging) van plase
- Propaganda word gebruik om landbou- en industriële produksie te verhoog

**Mislukkings van die Groot Sprong Vorentoe:**

- Nywerhede stort ineen as gevolg van swak beplanning, swak ondersteuning aan kleinboere en korrupte plaaslike amptenare
- Hoë belasting op plaasprodukte lei tot ontevrede kleinboere en afname in produksie
- Het staatgemaak op ongeskoolde arbeid (landbouers) vir industriële produksie eerder as wetenskaplikes en ingenieurs. Dit lei tot 'n afname in produktiwiteit in die industriële sektor
- Werkers moes lang ure werk om produksie te verhoog
- Mao se poging om yster- en staalproduksie te verhoog in agterplaassmelterye, het gelei tot minderwaardige kwaliteit van yster en staal
- Die ekonomie in die Volksrepubliek van China het ineengestort
- Die Groot Sprong Vorentoe was 'n klaaglike mislukking na 3 jaar van implementering, waarna ook verwys word as die 'Drie Bitter Jare'
- Mao Zedong was nie in staat om die sterfte van miljoene mense van hongersnood te stop nie
- Mao Zedong bedank as President van China (1959) maar bly aan as Voorsitter van die Kommuniste Party
- In 1962 handig hy die verantwoordelikheid van die ekonomie oor aan President Liu Shaoqi en Generaal-Sekretaris Deng Xiaoping en onttrek uit die politieke arena

**Die Kulturele Rewolusie:**

- Mao stel die Kulturele Rewolusie in 1966 in om gesag te herstel wat verlore geraak het as gevolg van die mislukking van die Groot Sprong Vorentoe
- Het die Kommunistiese Party gebruik om die regering se gesag te verseël
- Het weer die nasionalisering van swaar industrieë ingestel
- Fokus op die beginsels van die totstandkoming van 'n klaslose samelewing
- Stig die Rooi Wagte om met opponente van die Kommunistiese Party af te reken
- Gebruik die Rooi Wagte om ou gewoontes en houdings te verander (Vier Oues)
- Stel die Klein Rooi Boekie bekend om die gedagterigting van kritici te verander en kommunisme te bevorder
- Reuse betogings is in die Tiananmen-plein, Beijing gehou en plakkate en foto's van Mao is oral geplaas
- Die Klein Rooi Boekie 'n bron van kommunistiese propaganda in China (sluit Mao se filosofie oor kommunisme in; alle burgers moes die beginsels van kommunisme memoriseer;)
- Om kommunisme af te dwing is skole, universiteite en kolleges gesluit en daar is met kritici afgereken
- Dit laat 'n generasie sonder formele onderrig
- Elimineer sleutelbeamptes (Xiaoping & Liu Shaoqi) en Mao word die alleenregeerder van China in 1966
- Nywerhede sukkel en produksie hou teen 1968 op
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet in hulle opstel verduidelik tot watter mate albei Mobuto Sese Seko in die Kongo en Julius Nyerere in Tanzanië die politieke en ekonomiese uitdagings waarmee hulle respektiewelike lande na onafhanklikheid in die vroeë 1960's te doen gehad het, hanteer het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet beklemtoon tot watter mate dit vir Mobuto Sese Seko en Julius Nyerere moontlik was om met die politieke en ekonomiese uitdagings waarmee hulle respektiewelike lande gekonfronteer is na die verkryging van onafhanklikheid in die vroeë 1960's. Kandidate moet aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
**Kandidate kan die volgende punte in hulle antwoord insluit in die beantwoording van die vraag:**

**Politieke uitdagings:**
**Die Kongo:**

- Verkry onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (die Kongo (1960): J Kasavubu word President en P Lumumba word Eerste Minister
- Die Kongo was hoogs verdeeld volgens etniese groepe (koloniale nalatenskap) met leiers wat teen mekaar kompeteer
- Die tydperk na onafhanklikheid is gekenmerk deur geweld en politieke oproer
- Die Kongo word 'n eenparty-staat binne die eerste vyf jaar na die verkryging van onafhanklikheid nadat veelpartyverkiesings gehou is met onafhanklikheid
- Mobutu Sese Seko kom aan bewind deur middel van 'n militêre staatsgreep
- Hy bly 'lewenslange president' tot met sy dood in 2007
- 'n Kleptokrasie word gestig toe 'n groep aangestelde openbare amptenare hulle posisie misbruik het vir finansiële gewin
- 'n Sterk militêre mag is tot stand gebring en is deur die sentrale regering beheer
- Verseker politieke stabiliteit (alhoewel gebaseer op outoritarisme)
- Pas die beleid van Afrikanisasie toe
- Enige ander relevante antwoord

**Tanzanië:**

- Verkry onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (J Nyerere word verkies as Eerste Minister)
- Gladde oorgang (vreedsame verandering/rasseharmonie/bevorder mense se gelykheid en menswaardigheid pligsgetrou)
- Tanzanië word 'n eenparty-staat na veelparty-verkiesings gehou is met onafhanklikheid
- Nyerere wysig die grondwet om President te word (1962)
- Hy bly 'lewenslange president' tussen die 1960's en 1970's
- Stel die 'Leierskapskode' in die Arusha-verklaring in wat hoë vlakke van integriteit vereis van openbare amptenare

- Pas die beleid van Afrikanisasie toe
- Implementeer die beleid van Afrika sosialisme/Ujamaa
- Totstandkoming van die Verenigde Republiek van Tanzanië (1964) wat 'n gesentraliseerde en verenigde staat was
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese uitdagings**
**Die Kongo:**
- Erf 'n eenproduk-ekonomie van koloniseerders
- Steun grootliks op landbou- en minerale ontginning (eenproduk-ekonomie) en sy impak op die ekonomie
- Tekort aan 'n lewendige vervaardigingsektor
- Volg 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel
- Zaïrenasie (buitelanders wat met plaaslike burgers vervang word) was 'n mislukking as gevolg van onervarenheid/ korrupsie/wanbestuur/nalatigheid
- Die ekonomie word gekenmerk deur nepotisme en elitisme (groot gaping tussen ryk en arm)
- Nasionaliseer grond en nywerhede
- Afname in die stand van die infrastruktuur
- Toename in die gaping tussen rykes en armes
- Toepassing van Retrosessie (omkeer van Zaïrenasie)
- Afhanklik van buitelandse hulp en belegging
- Enige ander relevante antwoord

**Tanzanië:**
- Erf 'n eenproduk-ekonomie van die koloniseerders
- Tekort aan 'n lewendige vervaardigingsektor
- Steun grootliks op landbou- en minerale ontginning (eenproduk-ekonomie) en het 'n geloofwaardige vervaardigingsektor ontwikkel
- Het 'n Afrika sosialistiese ekonomiese stelsel gevolg
- Arusha-verklaring (doen afstand van uitbuiting/afname van inkomste gaping tussen die armes en rykes/eienaarskap van die land se bronne)
- Villagisation (gemeenskaplike dorpies) verbeter dienslewering/het 'n stabiele gemeenskap tot stand gebring wat vry was van ekonomiese ongelykhede. Alhoewel boere geweier het om hulle voorvaders se grond te verlaat/landbouproduksie het drasties geval
- Meeste maatskappye wat genasionaliseer is, speel bankrot
- Uitvoere het afgeneem en het 'n negatiewe effek op die ekonomie gehad
- Pogings om Tanzanië selfonderhoudend te maak het misluk
- Tanzanië het daarin geslaag om die gaping tussen rykes en armes te verminder
- Tanzanië het teruggekeer na buitelandse hulp/ lenings in die 1970's
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem al dan nie dat die Selma – Montgomery optogte van 1965 beskou is as die belangrikste vorm van protes teen segregasie en diskriminasie in die Verenigde State van Amerika. Kandidate moet voorbeelde van massa-weerstand, nie-gewelddadige protes wat die Burgerregtebeweging onderneem het kies, soos sitbetogings, betogings en optogte tot die aanvaarding van die Burgerregtewet in 1964 en die Stemregwet in 1965.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur saam te stem al dan nie dat die Selma-Montgomery optogte van 1965 die belangrikste vorm van burgerregteprotes teen segregasie en diskriminasie in die VSA was.

UITBREIDING

**Indien kandidate nie saamstem met die bewering wat gemaak is nie behoort die volgende aspekte in hulle antwoord ingesluit te word:**

- **Montgomery busboikot** verwys (1955) (Slegs agtergrond)
- **Sitbetogings** (vanaf 1960): vier studente in Greensboro sit by 'n slegs-blanke toonbank; die aantal studente neem daagliks toe; Sitbetogings versprei na die suide; die rol van die SNCC (Student non-violent Coordinating Committee); Sitbetogings versprei na Leesbetogings (Read-ins), Swembetogings (Wade-ins) ens. (impak: restauranttoonbanke is in die somer van 1961 vir alle rasse in die VSA geopen)
- **Vryheidsryers**: Swart Amerikaners en Wittes van die Noorde het ritte begin om segregasie in die busstelsel uit te daag; hulle is aangeval, gebombardeer en in hegtenis geneem; hulle het geen beskerming van die polisie ontvang nie. President Kennedy is gedwing om hulle te beskerm; Die Federale regering het op 1 November 1961 'n bevel uitgereik wat alle openbare vervoer en fasiliteite tussen state gedesegregeer het
- **Die Birmingham Veldtog (1963**): Massabetogings het rasse segregasie en ekonomiese uitsluiting van swart van Amerikaners uitgedaag; het 'n kinderoptog ingesluit; het met gewelddadige aksies van die polisie gepaardgegaan. Kennedy het op die rasse diskriminasie in die VSA gereageer; Op 10 Mei 1963 het Birmingham aangekondig dat alle munisipale fasiliteite gedesegregeer moes word
- **March na Washington (Augustus 1963)** is bygewoon deur 250 000 mense om gelykheid in werke te versoek; dit was beroemd want Martin Luther King Jnr. het sy 'I Have a Dream speech' gelewer. Dit het betekenisvol bygedra tot die ondertekening van die Burgerregtewet van 1964
- **Vryheidsomer (1964):** Meer as 70 000 swart Amerikaanse vrywilligers het geregistreer en het in vryheidskole in Mississippi geletterdheid aangebied; hulle is met geweld gekonfronteer met ernstige geweld deur segregasioniste en polisiebeamptes. Dit het bygedra tot die ondertekening van die Burgerregtewet van 1964

- **Selma tot Montgomery Optogte (1965):** (Maart 1965): (Om te eis dat swart Amerikaners toegelaat word om te registreer om te stem (slegs 2,5% swart mense was geregistreerde kiesers as gevolg van intimidasie en rassistiese aanvalle) – na drie pogings, brutale polisie aanvalle op nie-geweldddadige betogers (Bloedige Sondag) en massa ondersteuning van regoor die land het hulle Montgomery bereik. Druk is geplaas op President Johnson om die 1965 Wet op Stemreg uit te vaardig)
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**Indien kandidate saamstem, moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou